

Wie mag aansit by die maaltyd in die koninkryk?

Teks: Lukas 14: 15 - 24 & Sondag 30

Tekvers: Lukas 14: 24 & Vraag 82

1. Inleiding

Ons fokus vanaand in ons leerdiens op die nagmaalstafel. Sondag 30 uit die heidelbergse kategismus, som ons belydenis oor aard en deelname aan die nagmaal op. Wanneer ons praat oor die spesifieke manier waarop ons nagmaal hier in die Gereformeerde kerk gebruik, is daar soms 'n aanklag van vasklou aan die verlede. Die rede hiervoor is dat ander gereformeerde denominasies om ons vandag nie meer gebind voel aan vraag 82 van die kategismus nie.

Maar waarom voel ons dan nog gebind aan die gebruik van 'n geslote nagmaalstafel, wat ons aflei uit Vraag en antwoord 82? Ons fokus vanaand op die bekende gelykenis oor die groot maaltyd. Ons sien in hierdie gelykenis van ons Here Jesus Christus hoe die aard en karakter van maaltyd in die koninkryk is. En omdat die nagmaal ook 'n maaltyd is wat ons vul met verwagting vir die uiteindelik feesmaal in die koninkryk, is hierdie eienskappe ook eienskappe van die nagmaalsmaaltyd.

Dit is duidelik uit die res van Sondag 30 dat Nagmaal deur die roomse mis in

die Katolieke kerk vervang is. Maar nie net vervang is nie, ook verdraai is tot 'n groot stuk Godslasterlike dwaalleer. Die roomse mis is iets wat elke sondag by elke erediens gebruik word. Die probleem hiermee is dat dit juis alledaags en algemeen raak. Maar die nagmaal is heilige, en daarom het die kerk ook die plig om die heiligheid van die sakrament te beskerm en te bewaar. Kom ons kyk hoe ons Here Jesus Christus dit verduidelik deur middel van 'n uitnodiging en antwoord sisteem by 'n groot maaltyd. Want uiteindelik trek 'n uitnodigings sisteem tog saam in effektiewe toegangsbeheer.

2. Geen toevallige saak

Die eerste saak wat vir ons duidelik is uit ons teksgedeelte, is dat ons nie van enige toevallige maaltyd praat nie. Vir die Christen gelowige bestaan toeval in elk geval nie. Tog word hier ook nie van 'n gewone daaglikse maaltyd gepraat nie. Nee ons het te doen met 'n belangrike maaltyd, die oorspronklike teks kan ook vertaal word met 'n banket. Ons sien dit ook duidelik uit die feit dat uitnodigings uitgestuur word.

Maar hierdie uitnodigings na hierdie maaltyd is nie sommer in die lyn van iemand wat toevallig by 'n mens kuier

tydens etenstyd nie. Nee, hierdie uitnodigings het baie meer in gemeen met iets wat 'n mens sal ervaar by die beplanning van 'n bruilof. Daar waar baie moeite met gastelyste gedoen word. Daar waar sommige gaste ook doel bewus uitgelaat word, natuurlik om spesifieke redes. Dit is uiteindelik juis wat in ons teksvers gebeur. Die doelbewuste weerhouding van toegang vir die gaste wat aanvanklike uitgenooi is.

Uiteindelik is dit presies hierdie beginsel wat ook geld by die nagmaalstafel. Die nagmaal is nie sommer enige algemene maaltyd nie. Nee die sakrament van die heilige Nagmaal, bly die tekens en seëls van die enige offer van ons Here Jesus Christus. Daardie offer waardeur ons vrygekoop en verlos is. En dit is juis hierin wat 'n baie algemene, of oop nagmaal nie meer die boodskap van 'n teken en seël dra nie. Wat daar is niks oppervlakkig en algemeen aan die offer wat ons Here Jesus Christus gebring het nie. Nee, Sy volmaakte heilige liggaam is aan die kruis geoffer in die plek van ons sondes.

Daarom is ons nagmaal geleenthede ook vandag nog beplan en uitgewerk. Trouens wanneer ons die jaarlikse kalender van aktiwiteite hier by die kerk opstel, begin ons by die nagmaal. Wanneer die nagmaal geleenthede vas gemaak is, werk ons van daar af na die ander sake toe.

3. Ontberings en opofferings

Die ander saak wat duidelik in ons teksgedeelte na vore kom is verskonings. Ons ken hierdie flou verskonings van die gaste baie goed. Nie een van hierdie verskonings behels iets donker of boos nie. Dit is maar die gewone handel en wandel van die alledaagse lewe. Daar is nie iets fout met die aankoop van eiendom of lewende hawe nie. Ook is daar nie iets fout met trou en die huwelik nie. Trouens dit is juis God wat ook man en vrou na mekaar lei en die huwelik instel.

Maar wanneer hierdie alledaagse dinge die plek en hulpbronne van heilige dinge begin in neem, dan beweeg ons op die gevaarlike gebied. Want dan beweeg ons op die gebied van afgodery. Daarom in die konteks van die gelykenis in ons teksgedeelte. Wanneer alledaagse aktiwiteite bywoning van die maaltyd in die koninryk van God verhoed, dan moet toegang aktief geweier word.

Ons val ook nog vandag maklik in die versoeking om op 'n uitnodiging na die sakrament van die Nagmaal soos volg te antwoord, "ek sal die nagmaal bywoon indien daar nie iets anders opduik nie". Tog gaan geloof juis nie oor so uiteindelik outomatiese meelewing nie. Nee, in hierdie gebroke wêreld waarin ons leef gaan geloof oor opofferings en ontberings. Want die bose en die wêreld sal altyd sorg dat iets belangrik in die pad van my geloof

uitlewing kom staan. En spoedig sal die kloue van goddelose boosheid houvas begin kry op my lewe. Maar wanneer daar ook doelbewus met ywer opofferings en ontberings vir die geloof gemaak word, sal ons vrugte dra. Goeie vrugte tot eer en verheerliking van die Here en bevestiging van my geloof. Dan sal ons ook vrymoedigheid hê om te gaan aansit aan die tafel van die Here.

4. Geen toegangskartjie te koop nie.

Maar wanneer ons oor ywer in opofferings en ontberings vir geloof praat, kan die verkeerde boodskap so maklik deur kom. Die genade dat ek goeie werke moet doen om my verlossing te verdien. As gereformeerdes weet ons dat dit nie waar is nie, want verlossing geskied altyd. Hierdie genade word onverdiend aan mense bewys wat deur God daarvoor uitgeverkies is.

In die konteks van ons teksgedeelte, beteken dit dat toegangskartjie na die maaltyd nie gekoop kan word nie. Dit word in genade gegee aan 'n sonder mens wat dood was in die sonde. Die prys vir hierdie kartjie is die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus. Dit wat Hy eenmalig geoffer het aan die kruis, sodat ons verlos en gered kan word. Ons kan nie hierdie kartjie gaan koop met opofferings, ontberings of goeie werke nie.

Daarom kan 'n uitnodiging na die maaltyd in die koninkryk in die hemel, nie deur enige iemand met 'n mate van trots ontvang word nie. Dit moet altyd met dankbaarheid aanvaar word. En wanneer 'n mens werklik opreg dankbaar is, tree jy anders op. Wanneer ek uitgenooi word na 'n geleentheid wat groter en belangriker is as wat ek myself sien, sal ek moeite doen om daar te wees. Tog wanneer dit andersom is, sien ons vinnig verskonings oor waarom dit nie bygewoon kan word nie.

Die laaste klem in ons sonnetsafdeling lê op die eenmalige saak. Een van die maniere waarop die roomse mis die nagmaal verdraai is om die offer van Christus oor en oor te herhaal. Ons glo dat die eenmalig offer genoegsaam was. Daarom het ons nagmaal vieringe 'n herinnerings karakter eerder as 'n oor en oor herhaling. Met ander woord die toegang tot die maaltyd is een maal ten volle in ons plek deur Christus betaal. Ons ontvang die uitnodiging wanneer die Heilige Gees in ons die geloof werk. Maar wanneer die werking van die Gees teegestaan word in leer en lewe, dan loop ons die risiko om te hoor dat ons nie die maaltyd sal smaak nie.

5. Slot

Ons kan afsluit met 'n plek aan die tafel. Ons het in teksgedeelte gefokus op die tafel in die gelykenis van die groot maaltyd deur ons Here Jesus Christus. Ons het hierdie fokus gebruik

om eienskappe en beginsel in terme van die tafel van die sakrament van Heilige Nagmaal te ondersoek. In kort het ons die volgende gesien.

Die nagmaalstafel is nie 'n oop algemene tafel nie. Dit is 'n geslote tafel waarna 'n mens ook uitgenooi word. Daar is 'n toegangsprys, 'n baie duur toegangsprys naamlik die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus. Ligtelike oorweging of omgang met hierdie toegangsprys veroorsaak 'n eet en drink van 'n oordeel oor myself. Daarom is die geslote nagmaalstafel ook 'n liefdeshandeling. Dit is 'n handeling waarin toegang ook geweier word vir iemand wat 'n oordeel oor homself gaan eet en drink.

Laastens is dit belangrik dat die tafel ook heilig gehou word. Daarom het die kerk ook die sleutels van die koninkryk. En moet die kerk soos die slaag van Christus in die gelykenis, ook hierdie sleutels gebruik om die hemel te sluit vir mense wat ongeërg en goddeloos lewe. Maar ons moet ook broers en susters help en ondersteun sover moontlik om hulle lewens te verbeter, sodat 'n terugkeer en verwelkoming by die nagmaalstafel ook moontlik kan word. Uiteindelik bly dit egter altyd die kerk se opdrag en plig om die heiligheid van die nagmaalstafel in liefde te beskerm en te bewaar, want Salig is hy wat brood eet in die koninkryk van God.

Amen